
SEKSUELE TEISTERING BY DIE WERK
KONSULTANT
Dit was briljant van my om die nuwe assistent aan te stel, nê? Sy werk regtig hard. Ek is in my skik.
Ek sou haar sommer net vir haar voorkoms aangestel het. Het jy daai rompie gesien wat sy vandag aangehad het? Ek kon skaars my werk gedoen kry!
Baie snaaks, Titus. Terloops, is jy al klaar met die verslag vir ons kliënt?
Ja, ja, amper klaar.
Mm, ek moet hierdie nuwe assistent 'n bietjie beter leer ken.


Sylvia, liefding, ons sal nie hierdie verslag voor vyfuur klaar kry nie. Kan jy laat bly sodat ons dit kan klaarmaak?
Ek kan 'n rukkie bly, mnr. Titus, maar dan moet ek huis toe na my kinders toe. Ek is 'n enkelouer.
Ag, dis nie nodig om my mnr. te noem nie; noem my sommer Titus. Sylvia, jy het geen idee hoe vervelig die kantoor was voordat jy hier kom werk het nie. Kom ons los eers die werk vir 'n bietjie onskadelike pret, hm?
NEE, mnr. Titus! Ek het nie hiervoor laat gebly nie. Ek is hier vir my werk, nie vir 'n verhouding nie. Gee vir my die dokumente sodat ek die verslag kan afhandel en na my kinders toe kan gaan.
Hokaai, stadig! Wat is die haas? Die aand is nog jonk!

Mnr. Titus, ek loop nou. Ek moet huis toe gaan. Dit lyk nie vir my of u van plan is om die verslag klaar te maak nie.
Sylvia, ek het regtig gedink jy gaan sommer goed inpas hier, maar nou is ek nie meer so seker nie.
Ek kan nie sonder werk wees nie, en hier kry ek 'n goeie salaris. Dis so moeilik om werk te kry, en hierdie werk is regtig lekker.
MAAR
Ek wonder hoekom is my voorganger so vinnig hier weg. Was dit dalk ook oor mnr. Titus? Was dit omdat hy haar ook geteister het?
Ek kan nie vir mnr. Petrus vertel nie, want hy en mnr. Titus is vriende. Ek kan ook nie so aanhou nie. Ek is so deurmekaar.


Sylvia, my skat, jy het nie hierdie werk reg gedoen nie. Maar as jy my skouers masseer en my 'n soen gee sal ek nie vir die baas sê nie.
Sylvia, ek't jou kom roep vir middagete, kom NOU!
OOR MIDDAGETE ...
CAFE
Hoe lank lol hy al so met jou?
Dis al maande so, ek het nog skaars 'n week gewerk toe dit begin het, en dit raak al erger. Ek het hom gevra om op te hou, maar hy wil nie. Dit lyk my ek sal maar moet bedank. Maar ek geniet my werk, dis so onregverdig!
Weet jy dat seksuele teistering by die werk teen die wet is in Namibië?
Maar hoe weet ek dit wat hy doen is seksuele teistering? Is sy gedrag nie normaal nie? Dis seker my skuld.

As jy vir hom gesê het sy gedrag is onwelkom en hy hou aan daarmee, is dit seksuele teistering. Ek weet wat ek gesien het, en dit was vir my duidelik dat sy optrede verkeerd is. Kyk wat sê hierdie pamflet:

SEKSUELE TEISTERING

Geen persoon mag, in enige werksituasie of in die verloop van 'n werknemer se dienstydperk 'n werknemer direk of indirek seksueel teister nie.

Arbeidswet, seksie 5(8)

Wat is seksuele teistering?

Dit is ongevraagde seksuele gedrag teenoor 'n werknemer deur die werkgewer of 'n kollega.

Daar is twee moontlike maniere om seksuele teistering te identifiseer. Die een is waar die werknemer aangedui het dat die gedrag onwelkom is. Byvoorbeeld, dit is nie seksuele teistering as een werknemer 'n ander wil uitneem nie – maar dit sou onaanvaarbaar wees om aanhoudend uitnodigings te rig nadat hy gevra is om op te hou daarmee.

Dis goed en wel op papier, maar wat kan ek regtig doen? Hy is my hoof. Ek sal my werk verloor. Hy en mnr. Petrus is nog vriende ook.

Dit maak nie saak dat hy jou hoof is nie, of dat hy vriende is met die baas nie. Die wet is die wet! Jy moet met mnr. Petrus ook praat.

"Werkgewers moet die nodige stappe doen om hulle werknemers te beskerm teen seksuele teistering."


MNR. PETRUS SE KANTOOR
Ek moet 'n klag van seksuele teistering lê. Mnr. Titus is nou al maande lank besig om my seksueel te teister en hy wil nie ophou nie. Ek wou eers bedank en vir niemand daarvan sê nie. Maar my vriendin het my oortuig om met u te gesels. Sy het gesê ek kan sy gedrag rapporteer omdat dit teen die wet is.
Ek is seker hy wou maar net vriendelik wees.
As ek maak of ek besorg is, vergeet sy dalk hiervan en dan verdwyn die probleem.
Daar is 'n groot verskil tussen net vriendelik wees en seksuele teistering. Dis onregverdig dat ek so ongemaklik moet voel met sy gedrag dat ek wil bedank. Sê nou dit het met u gebeur?
Wag 'n bietjie, ons vorige assistent is nogal vinnig hier weg ... Miskien is daar 'n probleem.
My vriendin het gesê as iemand gedwing word om te bedank oor seksuele teistering, kan hy/sy aandring daarop om die werk terug te kry of vergoed te word vir die verlies wat gely is! Doen asb. iets aan mnr. Titus se optrede. Indien nie, sal ek na die Arbeidskommissaris toe gaan om hul hulp te vra.
Dis 'n ernstige saak. Ek sal dit uitsorteer.



WAT OM TE DOEN AS JY SEKSUEEL GETEISTER WORD BY DIE WERK

- Kry bewyse wat jou saak sterker maak.
- Lê 'n klag by jou werkgewer.
- As jou werkgewer nie die probleem oplos nie, kan jy 'n klag lê by 'n arbeidsinspekteur of die arbeidskommissaris.

WAT AS DIE WERKGEWER NIE DIE ARBEIDSWET NAKOM NIE?

Die werkgewer kan gevra word om –

- 'n werknemer weer aan te stel wat onregverdiglik moes ophou werk
- skadevergoeding aan die werknemer te betaal, en
- ander stappe te doen soos bepaal word deur die arbeidsinspekteur of die arbeidshof.

WAAR KAN EK MEER INLIGTING KRY?

- Kontak die Ministerie van Arbeid en Maatskaplike Welsyn (061 206 6111)
- Kontak die Legal Assistance Centre (061 223356)

HET JY

... 'n VRAAG?
... 'n OPMERKING?
... MEER INLIGTING NODIG?

KONTAK ONS!

SMS: 081-6000098
E-pos: comic@lac.org.na
Faks: 088-613693
Posadres: Posbus 604 Windhoek

Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.

Teks:
ANNE JOYCE

Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIALL en PERRI CAPLAN

Projektoesig:
RACHEL COOMER en DIANNE HUBBARD

Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN BUITELANDSE SAKE, MDG3-FONDS

Drukwerk:
JOHN MEINERT PRINTING (EDMS) BPK

Uitgewer:
GENDER RESEARCH & ADVOCACY PROJECT.
LEGAL ASSISTANCE CENTRE. 2010

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf: www.lac.org.na

Die LAC se pamflet oor Geslag en die Arbeidswet is ook op ons webwerf beskikbaar.